Is ek ’n koning?

Ons Here Jesus Christus is Koning. Hy regeer oor kerk en wêreld. Dit is wat ons in geloof bely. Tog ervaar ons dit nie altyd so nie. Regeer Christus in hierdie harde en korrupte wêreld waar jaarliks miljoene mense deur geweld of siekte sterf en waar diktators soos Mugabe aan die mag vasklou? Deur die geloof is ons lede van Christus en het ons deel aan sy salwing. Daardeur is ons ook konings. Dit ervaar ons nog minder as Christus se koningskap. Waaruit blyk dit dat ek ’n koning is? Die Kategismus praat van stryd in hierdie lewe en ’n troon daarna. Is ek dan werklik vandag reeds koning? Hoe kom dit dan tot uiting?

Kultuuropdrag

Kom ons kyk hoe dit in die begin was. God het Adam as koning aangestel. Wat moet Adam as koning doen? Die mens moet die aarde bewerk en tot ontplooiing bring. Hy moet die potensiaal wat daarin opgesluit lê, ontwikkel. Hy moet wetenskaplik besig wees. In die tweede plek moet die mens oor al die skepsels regeer. Hy moet vir die diere name gee. Hy moet beheer uitoefen oor die visse van die see, die voëls van die hemel, al die vee en diere, ja, oor die hele aarde. In die derde plek moet die mens die skepping teen elke moontlike vorm van kwaad beskerm. Hy moet die tuin, sy woon- en werkplek, noukeurig oppas. So kan ’n mens vanaf die begin drie koninklike take onderskei: onderwerp, regeer en beskerm.

Wat is tiperend van die koning wat God in die paradys aangestel het?

Dat hy nie oppermagtig en onafhanklik is nie. Hy is feitlik ’n onderkoning in diens van die hemelse Koning. Hy moet volgens God se norme optree. In sy koningskap moet hy God se beeld wys, sy gesag bedien en verantwoording daaroor doen. Solank hy hom aan God onderwerp en hom op God rig, is hy ’n waardige koning en hanteer hy sy koningsamp reg.

Doen hy dit nie, dan is hy ’n rebel in plaas van ’n koning. Dit het met die sondeval gebeur. Met sy rampsalige gevolge. Die mens wil hom nie langer onderwerp nie, maar wil alleenheerser wees. So gebeur dit dat die welsyn van die skepping aan die selfsug en magswellus van die mens opgeoffer word. Mense buit die skepping, ja, selfs hul medemense, vir hul eie gewin uit.

In hierdie wantoestand gryp Christus in. Hy betaal vir ons rebellie en herstel ons in ons oorspronklike amp. Ons mag en kan weer konings wees, onderkonings in diens van Christus. So kom die kultuuropdrag weer in visier. Ons mag weer leer om die aarde en alle skepsels namens God te onderwerp, te regeer en te beskerm. Hoe kom jou koningskap dan tot uiting? As jy as Christen wetenskap beoefen, dinge uitvind en ontwikkel tot eer van God, erken jy jou koningskap.

Ons kinders word deur Christelike opvoeding en onderrig tot konings opgelei. Hulle word geleer om die aarde en alles wat daarin is, te onderwerp en te regeer tot eer van God. ’n Kind wat byvoorbeeld sy duur speelgoed mooi oppas, is ’n klein koning. Ons leer weer om God se skepping goed op te pas. In die besef dat alles aan die Here behoort. Daarom sal ek nie ter wille van eie gewin die skepping op ’n onverantwoordelike wyse uitbuit nie. Ek sal ’n fyn balans soek tussen ontwikkeling en bewaring. ’n Christenkoning wat ’n besigheid bedryf, sal herken word aan die manier waarop hy met die skepping en met sy personeel omgaan. Dit sal vir hom nie net oor maksimale winste gaan nie. Hy sal die breër prentjie in ag neem en God wil eer in sy gebruik van die skeppingsgawes en van mense as skepsels van God. So toon ek myself as ’n koning wanneer ek in en rondom my huis orde skep. Volslae chaos pas nie by ’n koning wat in beheer is nie. Christene wat hul huis, hul geld en besittings goed bestuur, toon hulself as konings. So kan ’n mens kyk na alle terreine van die lewe, in kerk en samelewing. Op tallose maniere kan ons onsself toon as konings in diens van Christus. Orals moet ons wys dat ons volgens God se norme en

beginsels wil onderwerp, regeer en beskerm. Daarvoor sal ons voortdurend moet vra: “Here, wat wil U hê moet ek doen?” En wat Hy wil, moet ek dan ook doen.

Wat ek tot nou toe genoem het, lyk dalk baie ideaal. Wie is daartoe in staat? As ek my daaraan meet, is ek maar ’n baie gebrekkige koning. Hoe dikwels skiet ek nie tekort in die bestuur van my huis, geld en besittings nie? Hoe dikwels tog word ek nie gelei deur selfsug in plaas van die begeerte om God in alles te dien nie? Uit eie krag sal ek die oorwinning nooit behaal nie.

Net deur die krag van die Here kan ek begin om reeds hier myself as koning te toon. As vrug van die lewensgemeenskap met Christus (die gemeenskap tussen die wynstok en die lote) het ek ’n werkgemeenskap met Hom. So kom sy werk in my steeds meer en meer tot uiting in die manier waarop ek as koning optree.

Selfbeheersing

Om weer as koning op te tree, begin nie in die breë samelewing nie, maar dit begin by onsself. Dit begin met die positiewe eienskappe wat Paulus in Galásiërs 5:22 noem wanneer hy skryf:

> *“Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.”*

Al hierdie eienskappe wys dat jy in beheer van jouself en van jou situasie is. Jy is in beheer van jou gedagtes, gevoelens, woorde en dade.

Die mens is anders as al die ander lewende wesens. Waar die res van die lewende wesens almal optree volgens genetiese eienskappe en instink, gedrewe deur drange en hormone, is die mens veel meer. Die mens is geskep om sy genetiese eienskappe, drange en hormone te beheer. Na die sondeval is daar allerlei sondige drange wat ons in Christus weer in beheer moet kry. Daarom roep die Bybel voortdurend op tot selfbeheersing. Hier gaan dit nie net oor die beheersing van liggaamlike begeertes nie, maar ook oor die beheer van jou gedagtes, emosies en woorde.

’n Ware koning wil God met sy liggaam verheerlik. Omdat ons begeertes bedorwe geword het, kan die dinge wat God vir gebruik en vir plesier aan ons gegee het, maklik oor ons gaan heers. Paulus moes daarteen waarsku toe hy geskryf het:

> *“Alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie.”*
>
> (1 Korinthiërs 6:12)

Dis volkome geoorloof om te geniet van lekker kos en drank. Selfbeheersing bewaar jou daarvan om oordadig te eet en te drink, tot skade en tot skande. Daarin toon jy jouself as koning. Sommiges het nie geleer om hul liggame goed op te pas nie. Hulle pleeg roofbou deur nie betyds die nodige rus en ontspanning te neem nie.

’n Koning neem ook beheer oor sy seksuele gevoelens en verlangens. Jy laat jou dan nie deur jou drange dryf nie, ook nie binne die huwelik nie, maar jy neem leiding daaroor volgens God se norme. God waarsku voortdurend teen seksuele losbandigheid.

> *“Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie.”*
>
> (1 Thessalonicense 4:3-5)

Die Christenkoning wys selfbeheersing nie net op die gebied van seksuele aktiwiteit nie, maar ook op die gebied van onkuise gedagtes, begeerlike blikke en suggestiewe woorde of dit wat ’n mens daartoe kan verlei. ’n Ware koning sal nie na films bly kyk en boeke of tydskrifte bly lees wat onreine gedagtes opwek nie. Hy sal sy hart bewaak *“meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe”* (Spreuke 4:23). Hy sal van hierdie dinge wegvlug.

Ons emosies moet ook onder beheer gebring word. Daaronder val emosies soos bitterheid, woede, gekrenktheid, selfbejammering. As daardie emosies vrye teuels kry, skaad hulle nie net onsself nie, maar ook ons verhouding met God en mense. Daarom lees ons in Spreuke 16:32: *“Die*

lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem." Om 'n stad in te neem, is kinderspeletjies in vergelyking met die worsteling om ons eie emosies te beheer. Die eerste kan in een dag bereik word, terwyl die laaste 'n lewenslange stryd blyk te wees.

Hoe kan ons dan in hierdie sondige wêreld selfbeheersing bereik? Dit begin deur jou deur Christus te laat beheers, deur jou aan sy heerskappy te onderwerp. Is jy bereid om Jesus Christus as Here van jou begeertes, gedagtes en emosies te erken? Gee jou dan oor aan Christus se gesag op elke gebied van die lewe.

Is ek 'n koning? In Christus mag ek weer koning wees, onderkoning in diens van my hemelse Koning.

Deur Christus mag ek dit reeds hier en nou begin wys. In my persoonlike lewe. By die huis, by die skool of universiteit, ja, op die breë terrein van die maatskaplike lewe, wanneer ek die aarde en alles wat daarin is, volgens God se norme leer onderwerp, regeer en bewaar.

Kees Kleijn

© 2014
www.christelikebiblioteek.co.za